# HOËR VOLKSKOOL POTCHEFSTROOM


Telefoon: 018 294-5287/8 | E-pos: debiteure@volkiespotch.co.za
Faksno.: 018 297-3582 (Ontvangs) | E-pos: finansies@volkiespotch.co.za
Webtuiste: www.volkiespotch.co.za |

Privaatsak X227
Potchefstroom
2520


## ONDERRIGGELD 2025

**Algemene bepalings**

* Onderriggelde word jaarliks hersien. Die skoolgelde vir 2025 is tydens die ouervergadering van 31 Oktober 2024 goedgekeur.
* Skoolfonds is vooruitbetaalbaar, maar ouers word die geleentheid gegun om dit, soos hier onder vermeld, af te betaal. Indien u nie by hierdie reëlings hou of 'n ander skriftelike betalingsooreenkoms geteken het en daarby hou nie, sal die volle bedrag opvraagbaar wees. U sal vir die volle bedrag oorhandig word vir invordering.
* Die eerste skoolfonds betaling van R3 440 per leerder moet voor of op die 1ste skooldag geskied.
* Bewys van betaling ten opsigte van eerste skooldagbetaling, moet getoon word om 'n dagboek te ontvang. Tref asb vroegtydig 'n reëling indien dit nie moontlik gaan wees nie.
* Die oorblywende 10 paaiemente is betaalbaar van einde Februarie tot einde November.
* Skoolfonds moet per Beheerliggaam-regulasies jaarliks ten volle vereffen wees teen 30 November 2025.

**SKOOLGELDE:**

| GELDE BETAALBAAR | 1ste leerder | 2de leerder | 3de leerder | 4de leerder |
|---|---|---|---|---|
| **Onderriggeld per jaar (nota 1)** | R 25 040 | R 24 000 | R 23 000 | R 22 100 |
| **1 ste skooldag betaalbaar** | R 3 440 | R 3 440 | R 3 440 | R 3 440 |
| **Balans uitstaande** | **R 21 600** | **R 20 560** | **R 19 560** | **R 18 660** |
| **10 maandelikse paaiemente tot einde November** | R 2 160 | R 2 056 | R 1 956 | R 1 866 |

**Nota 1**

* Skoolfonds sluit **R1 090** vir handboeke, sentrum en ander fooie in.
* Daar word versoek dat ALLE ouers wat Maatskaplike korting kry die bg. bedrag van **R1 090** sal betaal aangesien daar direkte koste vir die skool aan alle leerders verbonde is.
* Skoolfonds sluit 'n dagboek, kondisionering, sentrumfooie, en ekstraklasse in.
* Uitgesluit is ekspo, olimpiades, uitstappies, kampe, toere, vervoer buite Potchefstroom, funksies en spesialis kursusse en afrigting, ens.

| SAMEVATTEND VIR GESINNE | Per jaar | 1e Skooldag | Balans | Paaiement |
|---|---|---|---|---|
| Gesin met 1 leerder | R 25 040 | R 3 440 | **R 21 600** | R 2 160 |
| Gesin met 2 leerders | R 49 040 | R 6 880 | **R 42 160** | R 4 216 |
| Gesin met 3 leerders | R 72 040 | R 10 320 | **R 61 720** | R 6 172 |
| Gesin met 4 leerders | R 94 140 | R 13 760 | **R 80 380** | R 8 038 |

| KORTING by vereffening voor einde Februarie (nota 2) | Gesin met 1 leerder | Gesin met 2 leerders | Gesin met 3 leerders | Gesin met 4 leerders |
|---|---|---|---|---|
| Totale skoolfonds per gesin | R 25 040 | R 49 040 | R 72 040 | R 94 140 |
| Eerste skooldag betaling | R 3 440 | R 6 880 | R 10 320 | R 13 760 |
| Balans betaalbaar voor 28 Februarie | R 21 600 | R 42 160 | R 61 720 | R 80 380 |
| **Korting - Vroeg Betaal** | **R 1 300** | **R 2 530** | **R 3 700** | **R 4 820** |
| | | | | |

**Nota 2**

*Korting sal toegestaan word indien die rekening ten volle vereffen word **voor 28 Februarie** – ongeveer 5% van die balans **NA** registrasiegeld betaal is en prestasiekorting bereken is.

| KOSHUISGELD 2025 | Jack Pauw-seunskoshuis | Ons Hoop-dogterskoshuis |
|---|---|---|
| Per leerder per kwartaal gr. 9 – 12 | R 9 475 | R 9 475 |
| Per leerder per kwartaal gr. 8 | R 9 075 | R 9 075 |
| Registrasiegeld (eenmalig, per leerder per jaar) | R 100 | R 100 |

**VERVOER:**

Dit is elke leerder se verantwoordelikheid om by nodige lokale/velde aan te meld waar sport, kultuur en ander byeenkomste plaasvind. Die skool voorsien egter gesubsidieerde vervoer teen die volgende tariewe:

| | |
|---|---|
| Binne Potchefstroom | Gratis |
| 0-100 km | R175 per leerder |
| 100-200 km | R175 per leerder |
| 200 km en verder | R175 per leerder |
| Oggend Busvervoer | Die huidige bedrag is R100. U sal besef dat dit nie die koste dek nie. Die nuwe bedrag sal aan begin van 2025 gekommunikeer word. |

**BETALINGS:**

* Onderriggeld, sowel as koshuisgelde, kan per internet betaal word, gebruik Familiekode of Toelatingsnommer as verwysing.

* ***Kontant/Kaart by die kassiere (weens die koste en risiko word dit ontmoedig)***

| BANKBESONDERHEDE | | | |
|---|---|---|---|
| | **Hoër Volkskool** | **Jack Pauw-seunskoshuis** | **Ons Hoop-dogterskoshuis** |
| Bank | FNB | FNB | FNB |
| Rek.no.: | 627 926 44 083 | 627 926 47 954 | 627 926 51 070 |
| Takkode: | 250-655 | 250-655 | 250-655 |
| Verwysing: | Familiekode of Leerder se toelatingsnommer | Leerder se toelatingsnommer | Leerder se toelatingsnommer |

Ons bedank graag alle ouers wat getrou die skoolfonds betaal. Dit stel ons in staat om ONS skool die beste skool vir ons kinders te maak!

**MNR.G.J.J. Swart**
**HOOF**

**PROF. J.P. FOUCHE**
**BEHEERLIGGAAM: FINANSIES**

**BAIE BELANGRIK! Lees asseblief noukeurig:**

## VERWYSINGS BY DIE BETALING VAN SKOOLFONDS

- Gebruik asseblief u Familiekode wat op u maandstaat verskyn as verwysing, bv ***BL37.***
- Indien u nie seker is van u Familiekode nie, kan u die leerder se toelatingsnommer as verwysing gebruik, bv. ***218035.***
- Indien u meer as een leerder op skool het, maar nie seker is wat u familiekode is nie, kan u enige een van die leerders se toelatingsnommer as verwysing gebruik.
- **MOENIE** leerders wat reeds die skool verlaat het, se toelatingsnommers gebruik nie.
- **MOENIE** 'n leerder se naam en/of van gebruik sonder 'n toelatingsnommer nie.

## VERWYSINGS BY DIE BETALING VAN ANDER ITEMS

- Die leerder se toelatingsnommer moet **ALTYD** die eerste 6 karakters van die verwysing uitmaak.
- Na die toelatingsnommer, volg 'n **kort beskrywing** van die item wat betaal word.
- Indien dit sporttoere is wat betaal word, onthou asseblief die span, byvoorbeeld ***218035 o14-hokkie***. Hier kan ons dus aflei dat daar 'n hokkietoer betaal word vir 'n spesifieke leerder in die onder 14-hokkiespan.
- Kontak gerus die finansieskantoor by **018 294-5287 uitbreiding 2010**, of e-pos na **debiteure@volkiespotch.co.za**.

## VERWYSINGS BY DIE BETALING VAN KOSHUISGELDE

- Gebruik asseblief u leerder se toelatingsnommer as verwysing by die betaling van losies, bv. ***218035.***
- Wanneer u meer as een leerder hier in die koshuis het, onthou dat **elke leerder sy eie rekening** het. Gebruik dus **albei toelatingsnommers** in u verwysing, bv. ***216166+217141***
- Waar u ander diverse gelde aan die koshuis oorbetaal, gebruik die leerder se toelatingsnommer plus 'n kort beskrywing, bv. ***218035 JP-klere*** en ***214176 OH-klere***. In hierdie geval kan ons dus aflei uit die verwysing dat dit Jack Pauw-koshuisdrag is vir 'n spesifieke seun en Ons Hoop-koshuisdrag vir 'n spesifieke dogter.
- Kontak gerus die koshuiskantoor by **018 294-5287 uitbreiding 2003**, of e-pos na **volkies.koshuis@gmail.com**.

## MAATSKAPLIKE KORTING

- Ouers wat nie die volle onderriggeld kan betaal nie, kan aansoek doen om maatskaplike korting op skoolgeld vir die 2025-skooljaar. Aansoeke moet jaarliks ingedien word.
- Vrystelling word bereken volgens die departementele glyskaal, mits stawende dokumentasie ingedien word.
- Indien u belangstel om aansoek te doen om maatskaplike korting, moet u die nodige aansoekvorm afhaal by die Finansieskantoor.
- Sluitingsdatum vir die indiening van aansoeke is op, 28 Februarie 2025. Aansoeke wat na die sper-datum ingedien word, kan van die hand gewys word.
- Ouers sal die aansoekvorm met stawende dokumente indien voor hul onderhoud met die Beheerliggaam. Die datum en tyd van hierdie onderhoud sal vasgestel word met die afhaal van die aansoekvorm.
- Die Beheerliggaam het die reg, in die beoordeling van 'n aansoek, om enige inligting, dokument of verklaring wat deel vorm van so 'n aansoek, te verifieer ten einde te bepaal of die inhoud daarvan volledig en korrek is. Indien enige inligting vals of onbetroubaar bevind word, sal die aansoek in sy geheel van die hand gewys word.
- Let asseblief daarop dat dit 'n korting van skoolfonds is en nie 'n subsidie nie.
- Korting wat aan ouers toegestaan word, word deur die skool se begroting befonds.